Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

SCIENCE
EYENZULULWAZI NGEZENDALO
NATUURWETENSKAPPE

# FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

# TAALIMPLEMENTERINGSPLAN VIR DIE 2025 AKADEMIESE JAAR

# DATUM: 02 SEPTEMBER 2024

## 1. Konteks

Een van die beginsels van die Taalbeleid is dat taal toegang moet bevorder en nie in die pad van studente- of personeelsukses moet staan nie, hetsy in die akademiese, professionele of sosiale omgewing. Binne 'n diverse studentegemeenskap is taal van kardinale belang vir individue om op intellektuele vlak te kan deelneem en ’n bydrae te lewer in 'n sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele omgewing. Die Fakulteit gebruik Engels en Afrikaans in onderrig-, leer- en assesseringsgeleenthede en poog om meertaligheid te bevorder.

Die Fakulteit erken Engels as 'n internasionale akademiese taal en 'n medium waardeur wetenskap gekommunikeer kan word. Aangesien baie studente wat vir voorgraadse programme van die fakulteit registreer nie voldoende vaardig in een van die twee onderrigtale is nie, streef die Fakulteit daarna om te verseker dat alle studente toegerus is om op intellektuele vlak in Engels te kommunikeer. Ons is egter daartoe verbind om ons Afrikaanse akademiese aanbod te bestuur ten einde steeds toeganklik te wees vir studente wat Afrikaans verkies vir hul onderrig-, leer- en assesseringsgeleenthede.

Kwartaallikse terugvoer van die departementele en afdelingshoofde, asook die voorsitter van die Natuurwetenskappe-studentekomitee (NSK) in die Fakulteit Natuurwetenskappe word verkry. 'n Verslagtemplaat word gebruik ten einde gestandaardiseerde verslaggewing te verseker en alle vergaderings met studente word genotuleer.

a.) Individuele departementele/afdelingsverslae van Biochemie, Plant- en Dierkunde, Chemie en Polimeerwetenskap, Aardwetenskappe, Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Wiskunde, Mikrobiologie, Fisika en Fisiologiese Wetenskappe is beskikbaar.
b.) Die Visedekaan: Onderrig en Leer het kwartaallikse vergaderings met die NSK voorsitter en die lid vir Studenteaangeleenthede waar “taal” as vaste agendapunt dien. Die Natuurwetenskappe-studentekomitee konsulteer ook met klasverteenwoordigers oor taal-implementering in hul klasse.
c.) Die Direkteur: Fakulteitsbestuur word ook geraadpleeg vir insette oor die plan.

## 2. Doelwitte

Hierdie implementeringsplan erken die uiteenlopende agtergronde van personeel en studente betreffende taal, en die Fakulteit stel dit op prys. Die Fakulteit het ten doel om 'n omgewing te skep waar alle studente en personeel gemaklik, welkom en tuis voel. Die plan poog ook om inklusiwiteit en sosiale samehorigheid te bevorder en teen marginalisering en uitsluiting te waak, deur die skep van 'n omgewing met toegang tot kennis en hulpbronne. Die Fakulteit is verbind tot meertaligheid, spesifiek deur middel van ondersteuning aan studente wat nie Engels magtig is nie tydens tutoriale en praktika, waar "translanguaging" geïmplementeer kan word. Die taalimplementeringsplan se praktiese uitvoerbaarheid en volhoubaarheid is afhanklik van die finansiële hulpbronne en menslike kapitaal van die Fakulteit, asook van die grootte van die studentegroepe op grond van taalvoorkeur, die beskikbare fasiliteite, en die klasrooster van die Universiteit.

## 3. Taalgebruik in Onderrig, Leer en Assessering

### 3.1 Taalopsies

Die volgende taalopsies sal geïmplementeer word:

**Opsie 1** (verwys na par. 7.1.3 in die Taalbeleid van die Universiteit): Engels en Afrikaans in afsonderlike klasgroepe **(Parallelmedium)**

‘n Klas word in afsonderlike Engelse en Afrikaanse groepe ingedeel. Studente dui hulle voorkeurtaal vir onderrig tydens registrasie aan. Bykomende leergeleenthede waarby studente van beide taalgroepe betrokke is, sal gebruik word om integrasie te bevorder.

**Opsie 2** (verwys na par. 7.1.4 in die Taalbeleid van die Universiteit): Engels en Afrikaans in dieselfde klasgroep **(Dubbelmedium)**.

- Tydens elke lesing word alle inligting minstens in Engels oorgedra.
- Opsommings en/of klem op inhoud sal ook in Afrikaans gegee word aan die begin of einde van ’n lesing, of wanneer die hoofkonsep bekendgestel word. (dit kan wees in die vorm van ’n mondelingse opsomming deur die dosent in Afrikaans, of ’n PowerPoint-opsomming in Afrikaans terwyl die dosent Afrikaans praat).
- Vrae in Afrikaans en Engels sal, waar prakties moontlik, in die taal waarin dit gevra is, beantwoord word.
- Studente sal ondersteun word in Afrikaans en Engels tydens ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede.

- Bykomende ondersteuning, deur byvoorbeeld konsultasiesessies, geskeduleerde tutoriale, intydse tolking, sal gebied word aan studente wat uitdagings ten opsigte van taal- en vakinhoud ervaar.

**Opsie 3** (verwys na par. 7.1.5 in die Taalbeleid van die Universiteit): slegs Engels met intydse tolking in Afrikaans **(Enkelmedium)**.

Hierdie opsie sal slegs gebruik word indien:

(i) die dosent(e) en onderrigassistente wat aan die module toegewys is, nie vaardig is in Afrikaans nie, en daarom nie in staat is om vrae in Afrikaans te beantwoord nie, of om 'n opsomming of uiteensetting van die sleutelbegrippe in Afrikaans te gee nie; of

(ii) indien al die studente in die klasgroep genooi is om te stem deur middel van 'n geheime stemming en die studente wat gestem het, eenparig ingestem het dat die lesings slégs in Engels aangebied kan word; en

(iii) met dien verstande dat die dosent(e) en onderrigassistente die nodige vaardigheid in Engels het, en instem om dit te doen.

## 3.2 Taalpraktyk in Voorgraadse modules

Vir voorgraadse modules wat deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied word, behalwe dié wat vir die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word, sal die volgende praktyk gevolg word. Vir voorgraadse modules wat vir die Fakulteit Ingenieurswese aangebied word, sal daardie fakulteit se taalimplementeringsplan gevolg word.

### Eerstejaarsmodules

Die Fakulteit is daartoe verbind, sover dit uitvoerbaar en volhoubaar is, om eerstejaarstudente toegang te gee tot onderrig-, leer- en assesseringsgeleenthede in Engels of Afrikaans, na gelang van hul akademiese taalvoorkeur. In die meeste gevalle is dit moontlik om afsonderlike lesinggroepe op grond van taal te hê. Fasiliteits- en roosterbeperkings maak dit egter onmoontlik om afsonderlike tutoriaal- of praktiese groepe op grond van taal aan te bied.

Eerstejaarlesings sal aangebied word deur **Opsie 1** (verwys na par. 7.1.3 in die Taalbeleid van die Universiteit): Engels en Afrikaans in afsonderlike klasgroepe **(Parallelmedium)** te gebruik, tensy:

(i) die module se inskrywingsgetal te klein is (dit wil sê minder as 40 studente) vir afsonderlike groepe, in welke geval **Opsie 2** (verwys na par. 7.1.4 in die Taalbeleid van die Universiteit): Engels en Afrikaans in dieselfde klasgroep gebruik sal word;

(ii) die Afrikaans-groepgrootte te klein is (dit wil sê minder as 40 studente) vir 'n afsonderlike

groep in welke geval **Opsie 2** (verwys na par. 7.1.4 in die Taalbeleid van die Universiteit) gebruik sal word;

(iii) die aard van die module geen van bogenoemde opsies toelaat nie, soos Aardwetenskap Veldvaardighede 172, wat veldwerk behels en waar die dosent slegs Engels magtig is; en Rekenaarvaardighede 171, wat hoofsaaklik 'n rekenaargebaseerde aanlynkursus is wat aangebied word vir soveel as 13 klasgroepe; of

(iv) dit 'n diensmodule vir studente van 'n ander fakulteit is, in welke geval die module dan aangebied word volgens die taalplan van die betrokke fakulteit.

In die eerstejaarstutoriale en -praktika, waar een-tot-een-kommunikasie tot 'n groot mate gebruik word, word Engels of Afrikaans gebruik, na gelang van die student se voorkeur akademiese taal, asook die vaardigheid van die dosent en onderrigassistente in Afrikaans en Engels. Indien daar 'n pedagogiese behoefte is om uitdagings ten opsigte van taal en module-inhoud te oorkom, sal bykomende ondersteuning verskaf word.

### Tweede- en derdejaarsmodules

Die Fakulteit se voorkeuronderrigmodus vir tweede- en derdejaarstudente behels tot 'n groot mate onafhanklike leer en besprekingsgroepe, gefasiliteer deur dosente, en waar studente die geleentheid het om in hul akademiese voorkeurtaal (Engels en/of Afrikaans) deel te neem. Derhalwe sal lesings aangebied word deur **Opsie 2** (verwys na par. 7.1.4 in die Taalbeleid van die Universiteit): Engels en Afrikaans in dieselfde klasgroep te gebruik, tensy:

(i) daar 'n pedagogiese behoefte is om intydse tolking aan te bied;

(ii) daar aan die voorwaardes vir Opsie 3 voldoen word, in welke geval die lesings slegs in Engels aangebied sal word met intydse tolking in Afrikaans, indien haalbaar.

In tutoriale en praktika van die tweede- en derdejaars, waar een-tot-een-kommunikasie tot 'n groot mate gebruik word, word Engels of Afrikaans gebruik, na gelang van die student se voorkeur akademiese taal, sowel as die dosent(e) en onderrigassistente se vaardigheid in Afrikaans en Engels.

## Taal van Onderrig-, Leer- en Assesseringsmateriaal

Die onderrig-, leer- en assesseringsmateriaal sal as volg beskikbaar gestel word:

(i) Alle verpligte leesstof (vir gebruik in lesings, tutoriale, praktika en op e-

leerplatforms) sal beskikbaar wees in Engels.

(ii) Verpligte leesstof (uitgesonderd gepubliseerde materiaal) sal ook in Afrikaans voorsien word, indien prakties moontlik of indien Opsie 3 gebruik word.

(iii) Moduleraamwerke en studiegidse sal beskikbaar wees in beide Engels en Afrikaans.

(iv) Alle werkopdragte en assesserings sal in Engels en Afrikaans beskikbaar wees. Studente kan alle assesserings en geskrewe werk in Engels of Afrikaans voltooi en indien.

### 3.3 Taalpraktyk in Nagraadse programme

'n Toenemende aantal nasionale en internasionale studente sluit op nagraadse vlak by die Fakulteit Natuurwetenskappe aan. Daarom is die onderrigtaal van gestruktureerde nagraadse modules Engels. Die student het egter die keuse om Afrikaans vir assesseringsdoeleindes te gebruik. Nagraadse studente word egter aangemoedig om hul navorsingsprojekte, proefskrifte of tesisse in Engels aan te bied, aangesien dit aan 'n eksterne eksaminator voorgelê word, wat gewoonlik 'n internasionale kundige is en moontlik nie die werk kan assesseer as dit in Afrikaans aangebied word nie. Een-tot-een-kommunikasie word tot 'n groot mate in die nagraadse akademiese aanbod gebruik, wat hoofsaaklik in Engels is.

## 4. Taalgebruik vir Administrasie

Kommunikasie sal in beide Engels en Afrikaans beskikbaar wees. Dit beteken dat:

(i) Amptelike kommunikasie met alle studente in beide Engels en Afrikaans sal geskied, waar prakties uitvoerbaar (bv. amptelike korrespondensie uit die Dekaan se kantoor en departemente, inligting op webwerwe, die Fakulteitsjaarboek en promosiemateriaal);

(ii) Korrespondensie met, en uit die Dekaanskantoor en Fakulteitskomitees, in Engels of Afrikaans sal geskied, onderhewig aan die beginsel dat alle rolspelers toegang tot al die inligting moet hê;

(iii) Die amptelike taal van vergaderings in die Fakulteit, soos die Fakulteitsraadsvergaderings, intreeredes, ens. Engels sal wees, met die voorsiening van intydse tolking in Afrikaans, indien dit versoek word.

## 5. Terugvoermeganismes ten opsigte van implementering (goeie praktyke en klagtes)

Studenteterugvoer sal verkry word deur spesifieke vrae in die moduleterugvoerstelsel in te sluit rakende die implementering, en hul ervaring van die taalaanbieding. Terugvoer oor die taalimplementering sal ook tydens die kwartaallikse vergaderings tussen die Visedekaan: Onderrig en Leer en die klasverteenwoordigers bespreek word. Hierdie terugvoer is beskikbaar vir dosente, departements- en afdelingshoofde, asook die dekaan.

Dosenteterugvoer word verkry deur middel van bespreking en refleksie oor die onderrigtaal. Die terugvoeringsproses word gelei deur die Departementshoof.

Kommer oor taalpraktyke sal as volg hanteer word:

(i) Studente moet die aangeleentheid by die klasverteenwoordiger rapporteer wat dit met die betrokke dosent(e) sal opneem.

(ii) Indien 'n bevredigende uitkoms nie bereik kon word nie, moet die saak na die Modulekoördineerder eskaleer word.

(iii) 'n Onbevredigende uitkoms op hierdie vlak (Modulekoördineerder) regverdig die verwysing na die Departementshoof.

(iv) As die aangeleentheid nie op enige van hierdie vlakke opgelos kan word nie, kan dit na die Dekaan se kantoor verwys word.

Die Departementshoof sal:

(i) Kwartaalliks aan die Dekaan verslag doen oor taalkwessies wat in die Fakulteitsbestuurskomitee bespreek sal word;

(ii) aan die Dekaan verslag doen oor hul beste praktyke en uitdagings binne die raamwerk van hul jaarlikse departementele strategiese planne.

Die Dekaan moet:

(iii) aan die einde van elke semester skriftelik aan die Viserektor: Leer en Onderrig verslag doen oor die nakoming van die taalimplementeringsplan gedurende die betrokke semester.

## 6. Ten slotte

Die Fakulteit se taalimplementeringsplan word jaarliks hersien in samehang met die Fakulteit se Strategiese Plan. Die implementeringsplan word aan die begin van die akademiese jaar aan alle personeel gekommunikeer en hulle moet toesien dat i) hulle daarby hou en ii) dat die taalopsie van die module opgeneem word in die moduleraamwerke / studiegidse. Die

taalimplementeringsplan dien jaarliks as vaste agendapunt op die laaste Fakulteitsraadsvergadering van die jaar. Bylaag A bevat die taalspesifikasies van die individuele modules.

# Bylaag A

| Departement | Modulekode | Modulenaam | Jaargang | NQF-vlak | Aanbiedingstaal 2025 | Krediete 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Aardwetenskappe | 12239172 | Aardwetenskap-veldvaardighede 172 | 1 | 6 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Aardwetenskappe | 12239272 | Aardwetenskap-veldvaardighede 272 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 12239374 | Aardwetenskap-veldvaardighede 374 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374224 | Geologie 224 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374244 | Geologie 244 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374254 | Geologie 254 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374314 | Geologie 314 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374324 | Geologie 324 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374344 | Geologie 344 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374354 | Geologie 354 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13374364 | Geologie 364 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 13622271 | Omgewingsveldvaardighede 271 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Aardwetenskappe | 13622372 | Omgewingsveldvaardighede 372 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Aardwetenskappe | 63991214 | Omgewingsgeochemie 214 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 63991314 | Omgewingsgeochemie 314 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Aardwetenskappe | 64165154 | Geo-omgewingswetenskap 154 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Biochemie | 11053214 | Biochemie 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Biochemie | 11053244 | Biochemie 244 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Biochemie | 11053315 | Biochemie 315 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |

| Departement | Modulekode | Modulenaam | Jaargang | NQF-vlak | Aanbiedingstaal 2025 | Krediete 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Biochemie | 11053323 | Biochemie 323 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 8 |
| Biochemie | 11053345 | Biochemie 345 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Biochemie | 11053365 | Biochemie 365 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479124 | Chemie 124 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479144 | Chemie 144 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479176 | Chemie 176 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 32 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479214 | Chemie 214 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479234 | Chemie 234 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479254 | Chemie 254 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479264 | Chemie 264 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479314 | Chemie 314 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479324 | Chemie 324 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479344 | Chemie 344 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479344 | Chemie 354 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 11479364 | Chemie 364 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 48321152 | Chemie C 152 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 6 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 48321224 | Chemie C 224 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 15 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 48321254 | Chemie C 254 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 15 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 52078324 | Toegepaste chemie 324 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 52078334 | Toegepaste chemie 334 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 52078344 | Toegepaste chemie 344 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Chemie En Polimeerwetenskap | 65692112 | Chemie vir gesondheidswetensk 112 | 1 | 6 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Fisika | 12998114 | Fisika 114 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998144 | Fisika 144 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998176 | Fisika 176 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 32 |
| Fisika | 12998224 | Fisika 224 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998254 | Fisika 254 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998314 | Fisika 314 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998334 | Fisika 334 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998342 | Fisika 342 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 8 |

| Departement | Modulekode | Modulenaam | Jaargang | NQF-vlak | Aanbiedingstaal 2025 | Krediete 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Fisika | 12998344 | Fisika 344 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 12998352 | Fisika 352 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 8 |
| Fisika | 12998384 | Fisika 384 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 13005134 | Fisika (bio) 134 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 13005154 | Fisika (bio) 154 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Fisika | 19267111 | Spesiale fisika 111 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 8 |
| Fisika | 59420113 | Ingenieursfisika 113 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 8 |
| Fisika | 59420152 | Ingenieursfisika 152 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 6 |
| Fisiologiese Wetenskappe | 13080214 | Fisiologie 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisiologiese Wetenskappe | 13080244 | Fisiologie 244 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisiologiese Wetenskappe | 13080314 | Fisiologie 314 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisiologiese Wetenskappe | 13080334 | Fisiologie 334 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisiologiese Wetenskappe | 13080344 | Fisiologie 344 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Fisiologiese Wetenskappe | 13080364 | Fisiologie 364 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Mikrobiologie | 16284214 | Mikrobiologie 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Mikrobiologie | 16284244 | Mikrobiologie 244 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Mikrobiologie | 16284314 | Mikrobiologie 314 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Mikrobiologie | 16284324 | Mikrobiologie 324 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Mikrobiologie | 16284354 | Mikrobiologie 354 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Mikrobiologie | 16284364 | Mikrobiologie 364 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Natuurwetenskappe Onderrig | 13623178 | Wetenskap in konteks 178 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 12 |
| Natuurwetenskappe Onderrig | 64007176 | Univprakt in die natuurwetensk 176 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 8 |
| Plant- En Dierkunde | 25046124 | Biologie 124 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 25046144 | Biologie 144 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 25046146 | Biologie 146 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 25046154 | Biologie 154 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM (met vertolking) | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953212 | Biodiversiteit en ekologie 212 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953214 | Biodiversiteit en ekologie 214 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953224 | Biodiversiteit en ekologie 224 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953244 | Biodiversiteit en ekologie 244 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |

| Departement | Modulekode | Modulenaam | Jaargang | NQF-vlak | Aanbiedingstaal 2025 | Krediete 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Plant- En Dierkunde | 53953254 | Biodiversiteit en ekologie 254 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953264 | Biodiversiteit en ekologie 264 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953311 | Biodiversiteit en ekologie 311 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953315 | Biodiversiteit en ekologie 315 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953324 | Biodiversiteit en ekologie 324 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953334 | Biodiversiteit en ekologie 334 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953341 | Biodiversiteit en ekologie 341 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953341 | Biodiversiteit en ekologie 341 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953344 | Biodiversiteit en ekologie 344 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953345 | Biodiversiteit en ekologie 345 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953354 | Biodiversiteit en ekologie 354 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Plant- En Dierkunde | 53953342 | Biodiversiteit en ekologie 342 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 12263272 | Wetenskaplike berekening 272 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 5 |
| Rekenaarwetenskap | 12263372 | Wetenskaplike berekening 372 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 5 |
| Rekenaarwetenskap | 18139113 | Rekenaarwetenskap 113 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139114 | Rekenaarwetenskap 114 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139144 | Rekenaarwetenskap 144 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139214 | Rekenaarwetenskap 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139244 | Rekenaarwetenskap 244 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139313 | Rekenaarwetenskap 313 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139314 | Rekenaarwetenskap 314 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139315 | Rekenaarwetenskap 315 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139343 | Rekenaarwetenskap 343 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139344 | Rekenaarwetenskap 344 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 18139345 | Rekenaarwetenskap 345 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Rekenaarwetenskap | 50040171 | Rekenaarvaardigheid 171 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 4 |
| Rekenaarwetenskap | 50040176 | Rekenaarvaardigheid 176 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 8 |
| Rekenaarwetenskap | 50040272 | Rekenaarvaardigheid 272 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 5 |
| Rekenaarwetenskap | 50040372 | Rekenaarvaardigheid 372 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 5 |
| Rekenaarwetenskap | 59536214 | Rekenaarwetenskap E 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 15 |

| Departement | Modulekode | Modulenaam | Jaargang | NQF-vlak | Aanbiedingstaal 2025 | Krediete 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Sentrum Vir Bioinformatika En Berekeningsbiologie | 12555312 | Bioinformatika 312 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Sentrum Vir Bioinformatika En Berekeningsbiologie | 12555322 | Bioinformatika 322 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710144 | Toegepaste wiskunde 144 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710214 | Toegepaste wiskunde 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710244 | Toegepaste wiskunde 244 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710314 | Toegepaste wiskunde 314 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710324 | Toegepaste wiskunde 324 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710354 | Toegepaste wiskunde 354 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20710364 | Toegepaste wiskunde 364 | 3 | 7 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Toegepaste Wiskunde | 20753124 | Toegepaste wiskunde B 124 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 15 |
| Toegepaste Wiskunde | 20753154 | Toegepaste wiskunde B 154 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 15 |
| Toegepaste Wiskunde | 20753224 | Toegepaste wiskunde B 224 | 2 | 6 | PARALLELMEDIUM | 15 |
| Toegepaste Wiskunde | 20753242 | Toegepaste wiskunde B 242 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 8 |
| Toegepaste Wiskunde | 20753252 | Toegepaste wiskunde B 252 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 8 |
| Toegepaste Wiskunde | 36323262 | Numeriese metodes 262 | 2 | 6 | PARALLELMEDIUM | 8 |
| Toegepaste Wiskunde | 56820114 | Waarskynlikheidsleer en stats 114 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539114 | Wiskunde 114 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539144 | Wiskunde 144 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539154 | Wiskunde 154 | 1 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539186 | Wiskunde 186 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 32 |
| Wiskunde | 21539214 | Wiskunde 214 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539244 | Wiskunde 244 | 2 | 6 | DUBBELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539278 | Wiskunde 278 | 2 | 6 | ENKELMEDIUM | 32 |
| Wiskunde | 21539314 | Wiskunde 314 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539324 | Wiskunde 324 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539344 | Wiskunde 344 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539345 | Wiskunde 345 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21539365 | Wiskunde 365 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |

| Departement | Modulekode | Modulenaam | Jaargang | NQF-vlak | Aanbiedingstaal 2025 | Krediete 2025 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Wiskunde | 21539378 | Wiskunde 378 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 32 |
| Wiskunde | 21547124 | Wiskunde (bio) 124 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 16 |
| Wiskunde | 21547176 | Wiskunde (bio) 176 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 32 |
| Wiskunde | 38571115 | Ingenieurswiskunde 115 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 15 |
| Wiskunde | 38571145 | Ingenieurswiskunde 145 | 1 | 6 | PARALLELMEDIUM | 15 |
| Wiskunde | 38571214 | Ingenieurswiskunde 214 | 2 | 6 | PARALLELMEDIUM | 15 |
| Wiskunde | 38571242 | Ingenieurswiskunde 242 | 2 | 6 | PARALLELMEDIUM | 8 |
| Wiskunde | 56847378 | Finansiële wiskunde 378 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 32 |
| Wiskunde | 66176374 | Biowiskunde 374 | 3 | 7 | ENKELMEDIUM | 16 |